

6

HERSIENING

Ek onthou wat ek geleer het

DOEN VOORAF

- Onthou om die prys vir die wenspan saam te neem.
- Maak 'n afskrif van die rolspel in Les 7 en kies 'n seun (of 'n meisie as daar nie seuns is nie) om die rol van Samuel te speel.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

BEGIN SO

IETS OM TE DOEN

Verduidelik vir die kinders dat hulle hersiening gaan doen van die feite in Lesse 1-5. Verduidelik dat elkeen van die persone of gebeure iets vir hulle geleer het.

Gebruik hierdie feite en vertel op 'n vloeiende manier kortliks wat dit beteken.

- God praat met ons as ons die Bybel lees.
- Ons moet die Bybel gereeld lees.
- Uit die Bybel leer jy God ken – Hy het ons lief en is getrou, en Hy sorg vir ons.
- Uit die Bybel leer jy hoe om reg te lewe soos wat God dit van jou verwag.
- Ons moet mense wat nie Bybels het nie, help om Bybels te kry.
- God het ons na sy beeld gemaak.
- Dit beteken ons moet die skepping oppas en bewerk.
- Elkeen van ons is op ons eie manier vir God spesiaal.
- Naomi het saam met haar man en twee seuns hul eie land, mense en geloof verlaat omdat daar 'n groot hongersnood in hul land was.
- Haar twee seuns het met Orpa en Rut getrou.
- Haar man en seuns is later dood.
- Toe Naomi terug is na haar eie land, Juda, het sy vir Rut en Orpa gesê dat hulle moet agterbly – Orpa het gebly; Rut het saamgegaan.
- Rut was lief vir haar gesin.

- Ons moet ook vir ons gesin lief wees.
- Ons moet ons liefde bewys met wat ons doen.
- Die Israeliete het baie swaar gekry in Egipte.
- Die Here het vir Moses gestuur om hulle uit Egipte uit te lei.
- In die woestyn was daar nie kos nie.
- Die volk het honger geword.
- Die Here het vir hulle manna en kwartels gestuur om te eet.
- God sorg vir hulle en Hy wil hê dat hulle Hom moet vertrou.
- God voorsien hulle van kos vir elke dag.
- Hy vra gehoorsaamheid aan Hom.
- Ons moet ook gehoorsaam aan God wees.
- Ons moet ook op God vertrou, want Hy sorg ook vir ons.
- God het alles gemaak.
- God het ons beveel om dit te gebruik, te geniet en op te pas.
- Ons moet dankbaar wees vir God se skepping.
- Ons moet alles in die skepping oppas en respekteer.
- Ons is belangrik in God se skepping, want ons moet alles oppas.

VASVRAKOMPETISIE

- Verdeel die klas in twee spanne.
- Gebruik die vraestel by Les 5 en vra vir elke span om die beurt 'n vraag.
- Hou deeglik boek van elke span se punte.
- Kondig die wenspan aan.
- Deel die prys uit.

BY DIE HUIS

Doen

Hulle kan die prente in hul boeke gaan inkleur en vir hul ouers vra om te lees wat by die prente geskryf is.

Belangrik:

- Kies 'n gewillige seun (of dogter) om volgende week die rol van Samuel in die rolspel te speel.
- Gee die afskrif daarvan vir hom of haar.
- Laat hulle dit tuis 'n paar keer gaan deurlees om vertrou te raak daarmee.

AFSLUITING

Sluit af met Gesang 538: 1 as gebed. (*Verduidelik dat heet beteken dit wat iemand se naam is. Behalwe die name wat ons het, word ons ook **God se kinders** genoem.*)

*Heer Jesus, U was self 'n kind;
U laat U ook deur kinders vind.
O laat ons nooit u Naam vergeet –
óns wat deur U Gods kinders heet. Amen.*